

13.11 RAPPORT 1 – DEPUTATE VAN PRE-ADVIES VIR FINANSIES (Art 214)

- A. Ds PJ Nel lewer die Rapport.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

- 1.1 Jaarliks die finansiële state te ontvang en na te gaan en terugvoering aan kerke te verskaf (Acta 2012:64, 6.1).
- 1.2 Nadat finansiële state en Agenda van die Algemene Sinode by Streeksinodes beskikbaar is, solank begin om die state te behandel en 'n aanbeveling aan die Sinode te maak asook aanbevelings oor finansiële sake (Acta 2012:64, 6.2).
- 1.3 Oorweging word daaraan gegee dat elektronies vergader word. Verwys na die Kommissie vir die Benoeming van Deputate (Acta 2012:64, 6.3).

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Die motivering vir die aanwys van die Deputate van Pre-advies vir Finansies, is die volgende: *'Die Kommissie van Finansies by die Sinodes het nie genoegsame tyd om die Rapporte vroegtydig in die Sinode beskikbaar te stel nie. Spoediger afhandeling van Finansiële Rapporte sal die Sinode sitting baie bevoordeel'* (Acta 2012:64)
- 2.2 *Oor Opdrag 1*
 - 2.2.1 Die voorsitter van die Deputate, ds. PJ Nel het besef dat dit nie prakties is om die opdrag op 'n jaarlikse basis so uit te voer nie.
 - 2.2.2 Die opdrag was wel op 'n ander manier uitgevoer en ondervang. Die Administratiewe Buro het jaarliks 'n vergadering gehou en enige lidmaat van die GKSA was uitgenooi na die vergadering. Afgevaardigdes van Streeksinodes is spesifiek vir hierdie vergadering genooi. Tydens die vergaderings is daar met deursigtigheid en bekwaamheid Rapport gelewer oor die geheelprentjie insake alle finansiële sake van die GKSA. Vrae kon gevra word en is geantwoord. Ons spreek ons dank uit vir die deeglike werk wat gedoen is.
- 2.3 *Oor Opdrag 2*
Kyk Rapport 2.
- 2.4 *Oor Opdrag 3*
 - 2.4.1 Die opdrag om te oorweeg om elektronies te vergader, is sover moontlik nagekom.
 - 2.4.2 Hierdie is egter 'n nuwe Deputategroep en besinning was nodig in 'n kleiner kring. Die Voorsitter en die twee Skriba's het vergadering gehou en 'n telefoonkonferensie is vir die groter vergadering gehou.
 - 2.4.3 Hierdie opdrag geld egter aan alle Deputate van die GKSA, en hoef nie weer so herhaal te word nie.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4.3 kennis geneem.

3. Sake waarvoor die Sinode besluit

Aanbevelings

- 3.1 *Oor Opdrag 1*
Die Deputate in samewerking met die Administratiewe Buro, toesien dat die gemeentes van die GKSA gereelde terugvoer oor alle Finansiële State ontvang.
- 3.2 *Oor Opdrag 3*
Die Sinode kan net kennis neem. Die opdrag word nie herhaal nie.
Motivering: Die versoek aan alle Deputate is in elk geval om kostes te bespaar en elektronies te vergader.

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.